Mediavrystelling

Suid-Afrika, 25 November 2014 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die ses maande tot 30 September 2014 aangekondig.

STEWIGE VORDERING MET E-HANDEL EN BETAALTELEVISIE

Naspers het vandag finansiële resultate vir die ses maande tot 30 September 2014 aangekondig. Omset, gemeet aan ekonomiese belang (wat die proporsionele bydrae van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings insluit), het jaar tot jaar met 30% gestyg. Aangesien die groep se internet- en e-handelsondernemings vinniger groei as betaaltelevisie en drukmedia, word 72% van groepomset nou in die buiteland verdien.

Kernwesensverdienste het met 24% tot R6,1mjd gestyg, ondanks die besteding van R4,4mjd aan die voortgesette ontwikkeling van die groep se e-handels- en betaaltelevisie-platforms. “Ons is ingenome met ons vordering tot dusver,” het Naspers se voorsitter, Ton Vosloo, gesê. “Leweringskapasiteit en werksaamhede in die hele groep gaan van krag tot krag en die fokus is op klantetevredenheid, interaksie en behoud.”

Met die ondersteuning van versnelde omsetgroei in baie e-kleinhandelsondernemings, het die internetsegment steeds die vinnigste gegroei en 58% van totale groepomset bygedra. “Ons sien ’n beduidende toename in organiese verkeer in ons markte, terwyl ons oortuigende aanbiedings aan klante lewer en ons platforms op skaal bedryf,” het Bob van Dijk, uitvoerende hoof, gesê. Organiese groei het Naspers se e-handelsomset jaar tot jaar met 43% tot R12,1mjd laat styg. Hierdie segment het ’n handelsverlies van R2,4mjd aangeteken, nadat ontwikkelingsbesteding van R3,6mjd aangegaan is.

Die groep se geklassifiseerde advertensie-besigheid is toegespits op sowat 40 lande regoor die wêreld. Na onlangse handelsmerk-migrasies word die meeste geklassifiseerde advertensie-werwe nou onder die OLX-vaandel bedryf. Naspers het onlangs sy posisie in hierdie segment versterk deur ’n ooreenkoms met Schibsted aan te gaan om, onderhewig aan EU-goedkeuring, gesamentlik uitgesoekte markte in Latyns-Amerika en Suidoos-Asië te ontwikkel. Mededinging bly aggressief, maar volgens die belangrikste maatstawwe, veral op die gebied van mobiele media, het ons verby ons mededingers gegroei.

In die betaaltelevisie-segment het stewige intekenaargroei van 342 000 huishoudings omset met 18% tot R20,2mjd opgestoot. Die besigheid dek 50 lande in Afrika en lewer dienste aan meer as 8,4m huishoudings. Handelswins het met 11% tot R5mjd gestyg, nadat R642m aan investering in DTT en aanlynvideo-inisiatiewe bestee is. Die persoonlike video-opnemer (PVO)-basis het tot 1,2m intekenare vermeerder en klante huur nou ongeveer 600 000 flieks per maand op BoxOffice. Hierdie diens sal binnekort na Afrika suid van die Sahara uitgebrei word. Wanneer die afskakeling van analoog-uitsendings gebeur, behoort intekenaargroei op die DTT-platform volgehoue momentum te kry.

Die drukmedia-segment ervaar nog steeds strawwe handelstoestande en strukturele veranderings in die bedryf. Totale omset het geringe groei getoon, maar marges het verder gekrimp weens versnelde investering in digitale oplossings en nuwe groeigebiede om die inkomstebasis te diversifiseer.

Naspers se aandeel in die kernwesensverdienste van geassosieerde maatskappye – waaronder Tencent in China en Mail.ru-groep in Rusland – het met 43% tot R6,4mjd gestyg. Dit was hoofsaaklik te danke aan Tencent se volgehoue sterk prestasie, wat voordele uit sy transaksie met JD.com insluit.

“Die tweede helfte van die jaar is gewoonlik die mees aktiewe deel van die jaar vir die meeste van ons ondernemings. Ons verwag dat besteding sal versnel terwyl ons ons

toespits op die vakansieseisoen. Dit kan laer kernwesensverdienste vir daardie tydperk meebring," het Basil Sgourdos, finansiële hoof, gewaarsku. "Ons doelwit is steeds om aanlyn geklassifiseerde advertensie- en e-kleinhandelsondernemings sowel as DTT te ontwikkel om toekomstige groei te behaal en met verloop van tyd waarde te skep," het hy bygevoeg.

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Basil Sgourdos, Finansiële Hoof
Tel: +852 2847 3365
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie mediavrystelling bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings uit te ken nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed.

Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

- EINDE -